**SAAMPRAATPAPIER** **24 MEI 2015**

**ALLES ALLES IS GENADE**

1. **PRAAT SAAM:** as julle saamstem met die stelling hierbo, hoekom? Getuig/vertel vir mekaar van gebeure uit jul eie lewe waaruit julle weet dis die waarheid.

2. **LEES** Johannes 1: 1-5 en 10-18. Wat staan vir julle uit/spreek julle aan? Wat leer ons oor genade (en Jesus) in hierdie gedeelte?

3. **LEES** die Skrifgedeelte rondom 2 Kor 12: 9. Wat staan vir julle uit/spreek julle aan uit die gedeelte? Wat leer ons oor genade in hierdie gedeelte?

4. **LEES** die gedeelte rondom 1 Kor 15:10. Wat staan vir julle uit? Wat leer ons oor genade in hierdie gedeelte?

5. Die uitstorting van die Heilige Gees (Hand 2) is deel van die genade wat ons van God ontvang. Daarsonder sou ons bv nie gawes gekry het nie, en ook nie die vrug van die Gees nie (Galasiërs 5: 22-23). **Waarmee help die Heilige Gees ons nog?**

6. In aansluiting by die vorige vraag: **Praat onder mekaar** oor hoe julle al ervaar het dat die Heilige Gees jou onder andere vertroos, versterk, jou leer, lei, vorm, die Woord vir jou oopbreek, jou heilig, inspireer, jou leer bid, getuig, dien…

7. Die wat die oggendpinkster en/of aandpinkster bygewoon het, deel iets van dit wat julle daar gehoor en geleer het met die res van die groep.

8. **BID SAAM** en dank die Here spesifiek vir Sy genade, en vir die Heilige Gees.